Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes

HELDERBERG : LEESVERSLAG

Liewe broers en susters

Baie dankie dat julle bereid was om 'n tweede rondte onderhoude te voer. Dit was vir ons 'n voorreg om julle onderhoude te lees en 'n kykie in die kultuur van julle gemeente te kry. Ons is diep onder die indruk hoe uniek en besonders elke gemeente is, daarom beskou ons dit as 'n groot eer om 'n bietjie in julle gemeentehart te kon inkyk. Wat ons opgeval het toe ons die onderhoude gelees het, is die mate waarin gewone mense se geloof in die drie-enige God hulle dra om elke dag met vreugde en dankbaarheid in diensbaarheid te leef.

Geen lid van die huidige leesspan was die vorige keer by die lees van julle onderhoude deel van die span nie. Ons het ook nie julle eerste leesverslag onder oë gehad nie. Dit was vir ons 'n inspirasie om God aan die werk te sien by julle.

Onthou asb dat hierdie verslag nie 'n evaluering van die gemeente is nie. Dit gaan glad nie vir ons om die goed-of-sleg vraag nie. Ons taak is om julle ***kultuur*** *uit die onderhoude te probeer aflees, dit wil sê om af te lei hoe die mense van julle gemeente dink en doen. Dit bevat dus opmerkings oor die waardes wat in julle gemeentekultuur voorop staan, die standaarde wat aangelê word vir sukses, en die persepsies omtrent God en kerkwees waarmee julle gemeente leef. Ons wil nie te veel advies waag nie. Ons vra hoogstens 'n paar vrae waaroor ons gewonder het en wat moontlik mag lei tot meer verheldering in julle eie verdere gesprek oor die kultuur van die gemeente.*

Ons vertrou dat die dinge wat ons raakgesien het en wat in hierdie verslag saamgevat is, julle verder kan help in julle proses van geestelike onderskeiding en beplanning. Mag die leesverslag bydra tot julle geestelike groei en verdieping, sodat julle tot groot seën sal wees in die Koninkryk van God.

In vennootskap
Corrie du Toit
(SAVGG-leesspanleier)

Profiel van Respondente:

Ons het met 20 respondente se antwoorde gewerk omdat 'n spertyd ons nie toegelaat het om langer vir die laaste 4 te wag nie. Daar was waarskynlik ook 'n misverstand oor die betrokkenheidsvlak van die respondente, want 18 persone word as binnevreemdelinge (*inside strangers)* aangedui, en 2 as buitestanders; geen familie nie! Dit maak 'n gebalanseerde indruk vir die leesspan ietwat moeilik. Ook die ouderdomsverspreiding is effens problematies: slegs een tiener en een twintigplusser, 4 dertigers, 12 persone van 40+ en 50+, een 60+, geen 70+, en een 80+. Slegs 6 respondente is dus jonger as 40, wat weereens die potensiaal het om die beeld 'n bietjie skeef te trek.

Vraag 1: Beskryf die gemeente aan 'n nuwe persoon.

Helderberg word veral beskryf as 'n groot, **dinamiese**, inklusiewe gemeente wat in die uiteenlopende behoeftes en "tipe keuses" van sy lidmate voorsien met "klassiek, meditatief

en *jolly*" (!) eredienste. Dis duidelik dat julle wat **spiritualiteitstyle** betref 'n verskeidenheid van mense probeer akkommodeer. Die gemeente word as vriendelik beskryf, en 'n veertigplusser meen "mense wat jonk getroud is en klein kinders het, en ouer mense (afgetree) sal baie tuis voel." Die persoon voeg by: "Ons ouderdom mense met kinders op universiteit begin rondsoek." 'n Ander veertiger sê: " Jy moet hier wil wees, anders is dit nie so maklik nie."

Daar word dikwels melding gemaak van die **grootte** van die gemeente, en respondente is sonder twyfel bewus van die uitdaging wat dit meebring: daar word verwag dat 'n nuweling in die gemeente self na vore moet kom en betrokke raak, "anders kan die individu verlore voel en ook verdwyn in die groot gemeente." 'n Ouer persoon meld dat huisbesoek nie meer gedoen word nie, maar **kleingroepe** wat gereeld byeenkom, vul die leemte. 'n Middeljarige lidmaat wys daarop dat 'n groot persentasie lidmate "as onbetrokke deur vreemdes beleef word" omdat hulle "dalk òf onbekwaam voel om deel te neem, òf in hulle gemaksone vasgevang is."

In terme van gestuurdheid is die lidmate deeglik bewus dat die **fokus primêr op uitreik** en sending gerig is. Een uitspraak (30+) lui dat die gemeente "as 'n **hawe** vir sy lidmate bestuur (word), van waar lidmate met 'n primêre sterk dryf uitgestuur word om uitreik/sendingwerk te doen en waar daar in 'n sekondêre/mindere mate omgesien word na die welstand van die personeel/lidmate in die hawe self, wat die gemeente verteenwoordig." Nog 'n dertigplusser beleef die gemeente positief as "'n plek waar 'n mens kan behoort, kragte herlaai, sielskos kan kry, werk aan jou verhouding met God saam met ander mense. 'n Gemeente wat jou toerus om uit te gaan en 'n verskil te maak in die gemeenskap. 'n Kerk wat oop is vir alle mense."

Die gemeente word voorts beskryf as "vars denkend", modern en "meer verlig", maar "ongelukkig nog vasgevang in NG strukture." (!?) Daar word daarna gestreef om **7 dag-Christene** te wees (2) en die Woord te versprei in die gemeenskap (2). Dis 'n gemeente waar mense **omgee** vir mekaar en vir ander (2), en hulp aan behoeftiges en noodverligting is 'n prioriteit (3). Baie aktiwiteite en geleenthede word gebied (veral aan gesinne) om by projekte betrokke te raak (2). Een persoon vind dat die gemeente dit vir jou maklik maak om by aktiwiteite in te skakel waarin jy belangstel; iemand anders sê met die oog op die verskeidenheid van aktiwiteite: "Maak nie saak wie jy is nie, daar is iewers 'n plek waar jy gelukkig sal wees. Jy sal net moet soek en nie opgee nie."

- Daar bestaan geen twyfel dat julle daarin geslaag het om 'n **sterk 'gestuurde' kultuur** onder Helderberg se lidmate te vestig nie. Hoe lei die Here julle, wat sien julle as 'n volgende stap op die reis?

- Op watter vlak sou julle sê het die meeste vernuwing reeds plaasgevind; in die sigbare oppervlakte-deel van julle kultuur, of in die **dieptekultuur** op die vlak van nuwe denke, houdings en gesindhede? Watter voorbeelde kan julle noem om julle antwoord te staaf?

- Ons het gewonder of die gemeente se leef en uitreik na buite sommige gemeentelede self koud en onversorg kan laat voel. Hoe dink julle hieroor? Hoe skep julle balans? Hoe gaan julle te werk om vervreemding in julle eie geloofsgemeenskap teen te werk?

- In watter mate is **gasvryheid** deel van julle kultuur?

- Die jongste respondent is werklik denkend en meelewend, maar teleurgesteld oor die tienerdienste en gaan self iets daaraan doen. Met sulke jong lidmate kan 'n gemeente ver gaan!

Vraag 2: Wat beteken dit prakties vir jou en ander lidmate om 'n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees, en hoe word julle in die gemeente daarmee gehelp?

Die term **7-dag Christen** is nie net 'n gonswoord soos ons by die eerste vraag vermoed het nie, maar blyk hier 'n slagspreuk van die gemeente te wees (kom 8 keer voor). Dit impliseer dat lidmate dissipelskap verstaan as 'n **lewenswyse** "elke dag daar waar ek is." Dit beteken werklik vir sommige om **soos Jesus** te leef (3), te dien soos Hy gedien het(1), "Jesus se hande en voete op aarde te wees"(1), in 'n verhouding met God te leef(1). "Dissipelwees is om deur ons leefwyse te getuig as Christene." (*outside stranger)* Drie respondente noem dat dissipelskap hulle bewus maak van ander mense in die samelewing se lyding en nood.

Ons is getref deur een persoon wat verwoord wat baie lidmate in ons land begin voel, naamlik dat dissipel van Christus "nie noodwendig verbondenheid aan die gemeentestrukture impliseer nie, maar dat dit interkerklik en oor taal- en kultuurgrense strek." Daarteenoor vereenselwig baie van julle respondente dissipelwees met "betrokke raak by die kerk(gemeente) op een of ander manier," jou talente aanwend deur **inskakeling by die kerk se projekte** en geleenthede vir diens en uitreik, soos by die dienssentrum ("'n belangrike kanaal vir die uitleef van naasteliefde en om mense in nood te help"), of deur die gee van 'n geloofsoffer.

Teenoor twee persone wat "sukkel om toerusting in ons gemeente te kry van hoe om my 24/7 Christenskap uit te leef," en "het nou tyd en behoefte om dieper te delf in die Bybel – weet nie van sulke geleenthede in ons gemeente tans nie," is daar drie ander wat waardering het vir die leiding en **toerusting** wat die gemeente bied. "Daar is hulp as jy dit sou wou hê – daar is genoeg geleentheid om te leer." Een noem spesifiek die hulp van 'n kleingroep waar lede mekaar kan uitdaag en terugvoer gee oor die praktiese ervaring van dissipelwees.

- Dit val ons op dat die meeste respondente die vraag koppel aan praktiese "*doen*"-dinge, en net enkeles verwys daarna om "soos Hy te wees." Dit is beslissende insigte vir julle reis na groter gestuurdheid. Sou julle sê julle deursnee gemeentelede plaas groter klem op dinge wat jy moet **doen,** of op dit wat jy **is** en **word** deur naby Hom te leef? Hoe gaan julle te werk om balans tussen die twee te skep?

- Wat is julle ervaring van die rol van **kleingroepe** in die ontwikkeling van roepingsbewustheid en groei in deurleefde dissipelskap? Hoe gaan julle te werk om dié energiepunt te versterk en uit te bou?

- Hoe probeer julle sorg dat die **Bybel** steeds in die middelpunt staan as primêre agent in die vorming van gehoorsame dissipels? Hoe word lidmate bemagtig om met die Woord om te gaan en daaruit te leer om koninkryksgerig te leef?

- Ons sou graag wou weet (en baie ander gemeentes sou in hierdie opsig by julle kon leer): op watter maniere moedig julle gemeentekultuur mense aan om **buite die gemeentestruktuur** hulle dissipelskap uit te leef? Watter aanmoediging en ondersteuning ontvang mense wat voltyds werk – en ander wat nie by kleingroepe of diensprojekte betrokke is nie - in hierdie verband van die gemeente?

- Waar sien julle God tans aan die werk in die omringende gemeenskap **buite die kerk**? Waar wys Hy vir julle lyding en nood en roep Hy julle om die deernis en liefde van sy Seun te beliggaam?

Vraag 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.

Ons indruk is dat julle gemeentekultuur gekenmerk word deur 'n **sterk bewussyn van God se teenwoordigheid en werk.** Ons is diep getref deur die wonderlike invloed wat van ander lidmate se **getuienisse** uitgaan. Respondente verwys na getuienisse en verhale van individue (9) en uitreikprojekte (5) wat by eredienste gehoor word, en nog 3 sien sy werk in mense wat betrokke is in die gemeente - wat heelwaarskynlik ook op getuienisse by eredienste dui (17 in totaal). "Mense praat van die grootheid van God en hoe hulle aangeraak word." Julle is werklik geseën met lidmate wat naby die Here leef, en wie se lewens, optrede en uitreike mense bewus maak van hoe God werk. Selfs kinders se lewens beïnvloed mekaar. Sulke rolmodelle is gawes van God aan die gemeente en die gemeenskap wat hulle dien, en ons wonder of hulle werklik altyd na waarde geskat word.

Nog twee persone ervaar ook God se teenwoordigheid "elke keer" in die erediens ("die kalmte, hoop en versterking wat op 'n mens neerdaal"), nog twee sonder die musiek, lofprysing en aanbidding uit, en iemand hoor sy stem in die prediking. Een persoon ervaar die werksaamhede van die Omgeebediening as tasbare manier waarop hy gedurig bewus bly van God se teenwoordigheid in die gemeente, nog een het dit by gebedsbyeenkomste gedurende die Familiemaand ervaar, 'n ander in die jeuggroepie wat die persoon lei, en iemand noem 'n onafhanklike Bybelstudiegroep vir vroue.

Ander voorbeelde wat God se teenwoordigheid vir gemeentelede bevestig, is die verhoring van gebede en wonderwerke van genesing (2), finansiële bydraes wat instroom (2); een dame raak elke oggend wakker met die bewussyn hoe goed God vir haar is.

- Dat julle **God in mense** ervaar, is baie betekenisvol vir gestuurdheid. In watter mense buite die gemeente het julle onlangs sy werk beleef? Omgekeerd, watter buitestander(s) het onlang sy genadige nabyheid in julle ervaar?

- Ons hoor veral dat julle gemeentelede **'n vriendelike, genadige God** beleef. Hoe kan julle hierdie soort belewing van God met mekaar deel en verder versterk? Hoe gebruik julle dit om vreemdelinge en nuwelinge gouer te laat tuis voel in julle geloofsgemeenskap?

- Hoe vier julle die feit dat God nie net kenbaar teenwoordig is nie, maar dat Hy ook **mense as gawes** aan die gemeente gee? Hoe beïnvloed lg. wete julle benadering tot nuwelinge en vreemdelinge?

- Hoe sou julle vir nog meer **mense buite die mure** en grense van die kerk 'n teken en voorsmaak kon gee van dié genadige God wat eerste na ons toe kom in Jesus Christus en sy liefde oor ons sondaars uitstort?

Vraag 4: Op watter manier(e) word julle gemeentelede gelei en gehelp om God die Vader, Seun en Heilige Gees te aanbid?

Die vraag word meestal beantwoord deur verwysing na die verskillende soorte **eredienste,** prediking en sang. Die eredienste word by uitstek beskou as die ruimte waar die gemeente gehelp word om God te ervaar en Hom te aanbid: eredienste (5), lofprysing en sang (5), verskillende erediensstyle (4) en prediking (4) - in totaal 18 uit 20 respondente. Kleingroepe word 2 keer vermeld, Bybelstudie 2 keer, en een respondent noem die fokusverskuiwings wat aansluit by die kerkjaar.

By die lees van al hierdie response het ons leesspan tog 'n vreemde ongemak beleef, asof daar in weerwil van die baie geleenthede wat gebied word, tog iets van 'n persoonlike deurleefdheid ontbreek wat aanbidding betref. Moontlik is dit hier waar die feit dat julle

hoofsaaklik "binnevreemdelinge" geraadpleeg het, sy effek laat geld. Toe ons die volgende respons van 'n jonger lidmaat (30+) lees, het ons begin wonder of daar wel 'n leemte mag wees : " Aanbidding word baie afgeskeep twv doen. Alles word so besig ingerig met die groot doel om dinge gedoen te kry. Dit is seker die een ding in die gemeente wat dit vir my die moeilikste maak. As ek nie geglo het dat God my roep om in die gemeente betrokke te wees nie, sou ek seker al 'n ander tuiste gesoek het oor hierdie rede." Ons het ook gewonder of 'n jong gemeentelid 'n enkele stem verteenwoordig met die versugting : "Daar moet meer onderrig gegee word oor wie die Heilige Gees is."

- Die **eredienste** is tans die grootste energiepunt in die gemeente. Aan watter maniere kan julle dink waarop die verskillende eredienste doelbewus nog verder ontgin kan word as ruimte om die gemeente 'n betekenisvolle ontmoeting met die lewende God te laat ervaar? Hoe sien julle die doel en rol van 'n eredienswerkgroep in die skepping van 'n optimale ruimte vir **aanbidding**?

- Die baie lidmate maak die gemeente beslis baie besig. Hoe word daar in julle kultuur tyd gemaak om tot **rus** te kom by die Here en na Hom te luister? Of is dit net bestem vir mense met 'n meditatiewe voorkeur? Hoe dink julle kan simboliek en die gebruik van **liturgiese elemente** soos stilte, musiek of visuele middele in alle eredienste, nie net in meditatiewe dienste nie, die werklikheid van die lewende God onderstreep en julle aanbiddingskultuur verdiep?

Vraag 5: Vertel van 'n situasie waarin jy en/of ander mense by 'n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.

Byna die helfte (9 uit 20) weet van geen konflik nie.

Uit die voorbeelde wat genoem word, kry ons die indruk dat daar soms werklik oor onbenullighede erge konflik voorkom. Verder word ook melding gemaak van 'n bouprojek, tipe musiek en die volg van "die regte kanale…. die kerk se rompslomp" wat kreatiwiteit en entoesiasme demp, as bronne van konflik.

Ons merk ook 'n persepsie by die respondente dat daar soms te diplomaties opgetree word ("sodat 'n mens nie tot 'n antwoord kom nie"), dat daar "aktief aandag gegee (word) aan probleme, alhoewel daar nie noodwendig oplossings gevind word nie," en 2 persone het ervaar dat daar nie werklik na hulle voorstelle geluister word nie.

Daar is positiewe terugvoer oor die gespreksessie na die afgelope Pinkster se preke oor die Heilige Gees; die persoon het waardering vir die menswaardige, opbouende manier waarop die gesprek plaasgevind het.

- Sou julle dink die voorkoms van konflik is regtig so laag dat die helfte van die respondente nie daarvan weet nie? Of is dit moontlik dat **konflikvermyding** of -ontkenning deel van die gemeente se kultuur is? Wat is julle ervaring, en hoe dink julle daaroor?

- Kritiek is natuurlik nog nie konflik nie, maar sou daarop kon uitloop. Hoe hanteer julle **kritiese lidmate**, en hoe sou sulke mense 'n konstruktiewe rol kon speel om julle te help om die gemeente te laat deel in besluite wat die leiers neem?

- Na aanleiding van die opmerking oor "die kerk se rompslomp" het ons gewonder: Waar sou julle Helderberg op 'n skaal plaas ten opsigte van die "beheer-en-kontroleer"-kultuur wat vroeër algemeen deel van ons kerklike lewe was?

- Hoe en waar werk julle doelbewus aan die kultuur om **veilige ruimtes** te skep vir die rustige uitpraat van sake waaroor daar meningsverskil is?

- Watter leiersfigure sou julle kon identifiseer as rolmodelle van gesonde konflikhantering? Watter persone in gesagsposisies (ouers, onderwysers ens.) sou kon baat by **toerusting** in dié verband?

- Watter **kernwaardes en gewoontes** word in julle gemeentekultuur nagestreef en voortdurend bevestig ten einde gesonde verhoudings en versoening te bevorder?

Vraag 6: Wat maak jou *angstig* oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou *hoop*?

Daar is 'n hele aantal uiteenlopende dinge wat gemeentelede **angstig** maak:

- Daar is 'n definitiewe persepsie dat die gemeente te veel konsentreer op **gestuurdheid en uitreik na buite**, en "nie genoeg op die versorging van mense vóór hulle uitgestuur word nie." Die gedagte is nie dat uitreike afgeskaal moet word nie, maar "die gemeente is dalk te veel gefokus op ander plekke en ken nie eie gemeentelede nie. Gemeentelede moet ook **uitreik na mekaar** toe." Hierdie gedagte kom meermale ook by die antwoorde op ander vrae na vore: gemeentelede self "kry koud", geen huisbesoek, voel onbekend, alles gebeur te groot en te vinnig. "Dat daar te min fokus is op aanbidding en gebed. Ons is besig om te veel dinge te doen en ons verhouding met God vervlak."

- Daar is nogal kommer dat die gemeente besig is om sy **jeug/jongmense** te verloor (5). Probleme by die tienerdiens is ter sprake, en daar word gevrees dat die kategese "geen passie vir Christus by die kinders opwek nie."

- Daar is angstigheid oor die toekoms omdat "die omgeegroepsisteem al kleiner word ipv om te groei," en "so baie **mense verdwyn** het. Ek soek die bekendes, maar dan's hulle net weg ……dan boet ons verskeidenheid in." Die eredienste word al hoe meer deur ouer mense bygewoon, en die geslag van 35 – 45 jaar voel nie meer werklik tuis nie.

- Baie lidmate staan nog **onbetrokke**. "Hoe verander mens dit?" Aan die een kant: "Mense besef nog nie dat daar mense verlore gaan as die liefde van Jesus nie uitgeleef word teenoor hulle wat nie vir Jesus ken nie." Andersyds wek dit angs "dat ons onsself as superieur beskou en dit (betrokkenheid by nood in die gemeenskap) op voorwaardes en in ons gemaksones wil doen."

- Daar is vervlakking in mense se morele **waardes** – "*everything goes* - selfs kerkmense het afgestomp geraak en streef nie meer na goeie waardes."

Maar aan die ander kant is daar ook nog baie **hoop**:

- Daar is vertroue in die **gemeenteleiers** – 'n toegewyde kerkraad en predikante. "Daar is 'n bereidheid by die gemeenteleiers om foute te erken en te probeer om kwessies aan te spreek." "Leiers binne gemeente wat opreg na **God se wil** vra en dit wil gehoorsaam."(4)

- "Opgewonde dat ons tans 'n groter fokus plaas op **wat God vir ons sê** en nie wat ons self dink nie." "Ons wil doen wat God vra en oop wees om te luister."

- Die **jeug** wat betrokke is, en die aandag wat die gemeente aan hulle bestee, gee ook hoop. Ook jong volwassenes en jong getroudes wat toenemend betrokke raak.

- Diegene wat wel behulpsaam en betrokke is by die nood, seer en kwessies in die gemeenskap, inspireer mense. Die leuse "**Draers van hoop**" wat werklik uitgeleef word op soveel verskillende maniere.

- Daar is steeds gemeentelede wat hulle bron van hoop vir die toekoms in **die troue God self** vind: "Jesus het 'n groter plan;" "die Heilige Gees verander lewens vir Jesus en God se koninkryk."

Een vroulike respondent het 'n uitgebreide stuk aangeheg wat betrekking het op verskeie kwelpunte. Ons hoop dat die leiers/leraars tyd met haar sal spandeer oor al die kwessies wat pla. Soos syself sê: "Wat hoop gee is hierdie vraelys wat moeite doen om vas te stel hoe lidmate dink. Daar moet aandag aan gegee word."

- Watter van die faktore hierbo wat angstigheid by lidmate veroorsaak, dink julle word nie reeds deur die leiers aangespreek nie? Hoe wil julle dit hanteer?

- In die faktore wat hoop gee, beskik julle oor 'n groot bron van positiewe **energie**. Hoe kan dit verder versterk en aangewend word om julle strewe na omvattender gestuurdheid te dien?

- Hoe sien julle **leierskapskultuur** daar uit? Hoe verteenwoordigend is julle leierskap van die gemeentesamestelling? Jongmense staan by julle in die brandpunt: dis die een faktor wat beide die meeste angstigheid veroorsaak en terselfdertyd hoop gee. Hoe skep julle geleenthede om na die jong stemme in die gemeente te luister? Of besluit die ouer leiers namens die jonges? Hoeveel jongmense maak deel van die leierspan uit?

- Hoe leer en bemagtig julle die gemeente om na **God se wil** te vra en te luister?

<u>Vraag 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3 – 5 jaar in die gemeente plaasgevind het.</u>

Veranderinge waaroor respondente **positief** is: aktiewe hulp aan behoeftiges en betrokkenheid by maatskaplike probleme in die gemeente; groter openlikheid oor geloofsake wat kommunikasie bevorder; infrastruktuurontwikkeling by die Helderhoekie; veranderinge in gemeentestruktuur; nuwe lokale; meer gekleurde mense in kerk wat tuis lyk; entoesiasme van jongmense wat in Mosambiek gaan uitreik; gemaklike, minder formele aanslag en verskeidenheid van dienste; moeite wat volwassenes doen met kategese; meer fokus op aanwending van lidmate se gawes en groter bewustheid van God se werk. Mense voel **bly en opgewonde** oor hierdie veranderinge, want dit beteken dat die gemeente dinamies is. 'n Vyftiger merk op dat al die veranderinge "redelik ordelik, natuurlik en vreedsaam" verloop het. Die tempo van verandering was volgens dié persoon ook goed.

Daar is egter ook sake waaroor respondente **beswaard** voel. Dit sluit in die jeugbediening wat na bewering 'n *dip* gevat het, gemeenskaplike nagmaal wat nie gewerk het nie; *boilerrooms* tydens die Familiemaand waaroor iemand opgewonde was, maar waarvan daar toe niks verder gekom het nie; die uitdagings rondom die tienerdiens; die generasie kinders en tieners wat grootword sonder die belewenis van hoe 'n regte erediens verloop of wat 'n geloofsbelydenis is; die kansel wat nie meer gereeld gebruik word nie.

- Watter **denkskuiwe** dink julle moet die meeste lidmate nog maak om werklik 'n gestuurde-gemeente-kultuur te vestig? Watter denkskuiwe het na julle mening reeds plaasgevind? Watter gebeure of veranderinge het julle gehelp om die dieperliggende gemeentekultuur te laat skuif?

- Watter nuwe **gewoontes** sou julle gemeentelede verder op die reis kon help om anders as tevore te dink oor die gemeente se identiteit en God se gestuurde roeping vir hulle in sy koninkryk?

- Hoe gebruik julle **Wandel in die Woord** in die gemeentelewe om julle te help met geloofsonderskeiding? Hoe sou julle die gemeente se **gebedskultuur** beskryf?

Vraag 8: Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Daar is die gewone spektrum van bekommernisse wat die meeste Suid-Afrikaners pla: geweld, misdaad, gebrek aan veiligheid, selfgesentreerde samelewing, verarming (veral van blankes), hoë egskeidingsyfer, verlaging van moraliteit, gesinslewe wat vervlak, aanslag op jongmense ens.

Maar hier is ook mense wat werklik **draers van hoop** is, hoop wat in God gegrond is; mense wat positief en opgewonde bly om dat hulle oortuig is "dat God in beheer is en dat ons nie maar toevallig is waar ons is nie, God het 'n plan met ons." Mense wat weet "dit gaan nie help om kwaad, opstandig of apaties te raak nie. Ons moet bid vir leiding en kalmte en dat God se woord vinnig sal versprei." 'n Jong volwassene sê: " Soms bang en soms moedeloos. Hang seker af waarna jy kyk. Ek wil graag positief wees en aanhou vashou aan God."

Ons kan julle verseker, onder julle is werklik gemeentelede wat anders as die meerderheid met nuwe oë kyk en die **uitdagings en geleenthede** raaksien wat die huidige samelewing aan die kerk van Jesus Christus bied. Hulle het geleer om wyer te kyk en die groter prentjie van die koninkryk van God te sien!

Wat sien hulle?

- "Dat baie mense na vore kom met **diensprojekte** en dat mense help waar hulle kan."
- "Dat groter organisasies weens die ekonomiese krisis meer konserwatief te werk gaan, "en dit bied kleiner projekte, ook binne die kerk, die geleentheid om op te staan."
- "Dat daar 'n groter **openheid** skyn te wees oor **rasseverhoudings**."
- "Mense wat 'n paar jaar terug baie selfversekerd was, is ewe skielik nie meer so in beheer van hulle lewens nie."
- "Dat ons **'n ruimte moet skep** waar mense van hierdie wêreld 'n behoefte het om na te kom. Ons het nodig om iets van God se liefde vir hulle te gee op 'n manier wat hulle aanspreek."
- "Dat mense baie makliker **praat oor Jesus**."
- "Dit het tyd geword dat ons ons **waardes** weer opeis in ons samelewing en skole."
- "Al wat ons moet doen, is om saam te staan in **gebed.**"
- "Ons as NG kerk is in 'n seisoen van luister, wat goed is, maar 'n seisoen kan net so lank duur, ek dink dit het tyd geword vir 'n seisoen van **daadwerklike dade.**"

Hoef ons meer te sê?

Liewe broers en susters, ons is saam met julle dankbaar oor die gawes – mense, middele en geleenthede - waarmee die Here julle reeds ruimskoots geseën het. Julle ken en ervaar Hom intiem en geniet sy genadige teenwoordigheid. Gaan deel sy seën verniet uit, sonder die verwagting om iets terug te kry, aan dié wat smag en dors na sy liefde en versorging. Gaan wys vir hulle Jesus se gesig.

Ons bid vir julle. Mag sy vrede julle al die pad vergesel.

Leesspan
Stellenbosch, Julie 2009